Koopkragnuus

Desember 2021 — *Uitnemende diens en voordele sedert 1938*

Geagte Verbruikerslede

Namens Koopkrag se direksie doen ek graag verslag oor die afgelope jaar se finansiële resultate.

> Alle debietorders word dié maand reeds op die 22ste deurgestuur vir verwerking. Na dié datum kan ons dit *nie meer wysig nie.*

Die gevolge van die COVID-19 pandemie het onverpoos die afgelope jaar voortgeduur. Dit was duidelik te sien uit die afgelope jaar se resultate wat steeds nie die voor-pandemie vlakke van 2019 kon haal nie. Die terugkeer na 'n "normale" ekonomie was tot op hede nog nie moontlik nie. Die ekonomiese herstel wat daar wel was, is deur die onluste in Julie in sy spore gestuit. Ek vermoed dat die skade wat aan die ekonomie aangerig is, langer gaan neem om te herstel as wat verwag word.

- ***Omset*** by gekontrakteerde verskaffers daal die afgelope jaar met 0.41% (2020 – daling van 4.46%) tot R433 miljoen. Dit kan grootliks toegeskryf word aan 'n afname in ledetalle, verandering in leefstyl en inkomste-onsekerheid wat aankope op krediet bemoeilik.



- ***Bruto inkomste*** vir die jaar toon 'n skerp afname van 7.9% (2020 – 6.3% daling) wat hoofsaaklik aan die huidige lae rentekoerse toegeskryf kan word. Rente-inkomste alleen daal met R1.65 miljoen. 'n Geleidelike toename in die rentekoerse word vir die komende jaar verwag wat 'n positiewe invloed op inkomste sal hê.

Vir die jaar onder oorsig, was ***inkomste*** die volgende:

	2021	2020
INKOMSTE	miljoen	miljoen
Korting verhaal	R10.71	R10.77
Kommissie-inkomste	R4.82	R4.95
Rente-inkomste	R6.40	R8.05
Ander inkomste	R1.30	R1.75

Wat uitgawes betref, het totale ***administratiewe uitgawes*** met 3.31% afgeneem (2020 'n toename van 0.92%).



- ***Rente op die Waarborgfonds*** is soos vorige jare in September teen u Koopragrekening gekrediteer. Dié jaar se bedrag het in totaal R1.14 miljoen (2020 – R1.41 miljoen) beloop. Die prima gekoppelde rentekoerse het van 1.42% tot 2.84% per jaar (2020 – 1.77% tot 3.54% per jaar) gewissel.
- Wat die ***jaarlikse bonus*** betref, is 'n bedrag van R10.86 miljoen (2020 – R12.74 miljoen) verklaar en teen u Desember-Koopkragrekening gekrediteer. Die jaar se bonuskoerse het gewissel van 1.76% tot 6.00% (2020 – 2.00% tot 7.50%) en het afgehang van waar u, u aankope die afgelope bonusjaar gedoen het.

Uitgawes vir die afgelope jaar was as volg:

	2021	2020
UITGAWES	miljoen	miljoen
Personeeluitgawes	R6.94	R7.01
Onverhaalbare skuld voorsien en afgeskryf	R0.51	R0.34
Bonus & rente uitbetaal aan verbruikerslede	R12.00	R14.16
Ander uitgawes	R3.81	R4.03

Groei is tans belangriker as ooit. Ek herinner u graag weer daaraan dat ons steeds 'n R150 werwingsfooi per goedgekeurde nuwe verbruikerslid betaal. U bly steeds ons beste bemarkingsagente.

Ek bedank graag u en al ons verskaffers vir jul volgehoue ondersteuning. Daarsonder kan daar nie ‘n koopvereniging wees nie. In besonder bedank ek my mede-direkteure en ons personeel vir hul ondersteuning, toewyding, harde werk en hul opofferings die afgelope jaar.

Ek wens u almal ‘n geseënde Kersseisoen en ‘n voorspoedige 2022 toe.

AJ Jacobs
Voorsitter

KANTOOR GESLUIT
Koopkrag se kantoor sal die volgende dae gesluit wees: Donderdag 16 Desember, Vrydag 24 Desember (13h00), Maandag 27 Desember en Vrydag 31 Desember (13h00).

Volg ons op Facebook.

belangrik

Openingsdatum van die volgende Koopkragrekening:
Sondag, 16 Januarie 2022.

VERLORE & GESTEELDE KAARTE & KORTTERMYNVERSEKERINGSEISE

Verlore of gesteelde kaarte kan aangemeld word by ***Nedbank 0800 110 929***.
Santam eise kan aangemeld word by ***0860 505 911***.
Momentum eise kan aangemeld word by ***0860 111 512***, Momentum SOS-noodgevalle ***0860 784 767***.

NUUS
Die vervanging of opgradering van ons huidige kaartstelsel is prioriteit. Weens die unieke aard van ons onderneming is dit egter nie so eenvoudig soos dit mag klink nie. Met die verandering wil ons ook graag alle huidige tekortkominge, indien moontlik, aanspreek. Dit sal hopelik enige moontlike ongerief tot ‘n enkele geleentheid beperk. Ons versoek u dus om asseblief geduldig te wees. Ons is deeglik bewus daarvan dat ons huidige stelsel nie meer aan die verwagtinge en behoeftes van die moderne verbruiker voldoen nie.



leweransiers

Ons verwelkom graag die volgende nuwe leweransiers:

DIY Depot Silverton (Pretoria)
Silverton Village Pretoriastraat 302

WEST PACK Silverton Hub (Pretoria)
Motorstraat 1 Silverton

‘n Volledige lys leweransiers is beskikbaar op www.koopkrag.com & m.koopkrag.com

Gebruik ons webtuiste en ‘mobisite’ se soekfunksie om Koopkrag leweransiers naby u te vind. Inligting nou ook beskikbaar deur ons TOEP (APP).